Laerskool Louis Leipolst

September 2024

Handskrif

Verbeter jou kind se hadskruf.

Daar is verskeie faktore wat bydra tot ‘n netjiese handskrif. Deur seker te maak die Palmare refleks van jou kind se hand is geïntegreer, kan ‘n groot verskil maak in die uithouvermoë van jou kind se hand, potloodgreep en uiteindelik ‘n netjiese handskrif.

Wat is die Palmare refleks?

Dit vorm deel van ‘n reeks primitiewe reflekse. Primitiewe reflekse speel ‘n belangrike rol in ‘n baba se ontwikkeling ten opsigte van beweging asook in die ontwikkeling van die brein. Hierdie reflekse moet integreer soos ‘n kind ontwikkel, anders word dit ‘n hindernis vir verdere ontwikkeling.

In die geval waar die Palmare refleks nie integreer nie, beïnvloed dit fyn motoriese vaardighede en uiteindelik die kind se handskrif.

Laerskool Louis Leipolst

September
2024

Handskrif

Verbeter jou kind se hadskruf.

Tekens dat die refleks steeds teenwoordig is:

·Slordige handskrif
·Onvoldoende potloodgreep
·Swak uithouvermoë in die hand
·Druk hard tydens skryfaktiwiteite
·Tongbewegings wanneer die kind skryf.



Oefeninge wat kan help om die refleks te integreer:

·Speel met klei
·Verskillende dierlope of opstote teen die muur (dra gewig op die hand)
·Vryf of masseer die palm van die hand asook die vingers
·Spesifieke vingeroefeninge volgens 'n ontwikkelingspatroon, sien die prent hieronder.

Bronnelys:
Heidenreich, S. (2021). Understanding Primitive Reflexes: How They Impact Child Development and Intervention Strategies for Integration. [online] OccupationalTherapy.com. Available at: https://www.occupationaltherapy.com/articles/understanding-primitive-reflexes-they-impact-5409-5409.

#LEIPIES_JYMAAKSAAK